

30 Augustus Handeling 20:17-38, (Teks: 20:35c)

God is 'n gewende God

Dit is saliger om te gee as om te ontvang. Nêrens lees ons dat die Here Jesus die woorde gebruik het nie. Tog dra Paulus dit oor as uit die mond van die Here.

En as ons die omwandeling van Jesus Christus op aarde in ons gedagtes oproep, dan kom die woorde in beweging - dit lewe. Dit is so beskrywend van die God wat ons aanbid en bely. Johannes beskryf dit in sy evangelie: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (Joh. 3:16). God gee. Hy gee Homself vir die mens om hom te red en te laat lewe.

God gee sonder om terug te verwag. Hy het immers vir ons gesterf toe ons nog sondaars was (Rom. 5:8). In God se gee lê die element van genade. Wat Hy gee, gee Hy uit genade en in oorfloed.

By die wêreld is dit so anders. Daar gaan dit om selfsug. Daar word nie gegee nie, maar geëis. In die wêreld gaan dit nie om opbou nie, maar om wegneem en ontnem. Die lewe is niks werd nie. Om jou doel te bereik is alles geoorloof.

In ons is dit nie die wêreld wat gestalte moet vind nie, maar die beeld van God wat vertoon moet word. Dit bring volheid in die lewe - 'n volheid wat beskryf word met die woorde: "Dit is saliger..." Vir die Here was dit vreugde om Homself te gee en steeds gee Hy sy Heilige Gees aan dié wat Hom aanbid. Deur jouself te gee in die skepping tot onvoorwaardelike diens, is om te drink uit die vreugdebeker van God se genade. Dit doen 'n mens deur jou oë opmerkzaam te laat kyk om die mense om jou raak te sien en aan hulle diensbaar te wees in die Naam van die Here.

Sing: Skrifberyming 33:1,3

Ds. M.J. Smidt (Innesdal)